

Die genade van ou bome

Eers kom die 'goëlaar se net' by my op. Seker maar omdat ek een jaar foto's moes neem by Okasie in Dorpstraat, waar blommerangskikkings name het soos Fly me to the moon en Little Europe. Daai dodder bedrading groei plante dood (*cuscuta*, ook bekend as devil's guts). Maar wat die blommekinders by Okasie met die indringer aangevang het, had my verstom. Ook net in Stellenbosch waar mense só deftig met 'n parasiet sal omgaan, dink ek daai dag by myself. Hompe van die donkergeel planttouw word soos statige dames se bollas getol en binne-in sjiek glasvase geplaas tussendeur die alombeminde stingels van blomme. . . loof en siedaar: maan toe.

Vat een van daai goue drade en loop verder met Dorpstraat op en later links in Neethlingstraat, tot by die Stellenbosch Universiteit Botaniese Tuin en neurie sommer 'n wandellied vir Augusta Vera Duthie want sy het reeds in 1902 groen voorbrand gemaak met die kweek van plante langs die hoofgebou op kampus. Wat vind jy vandag hier in die hortus? Lelievwers vir Monet, waar menige kunststudent in veronees- en chroomgroen kon droom, lotusblomme vir die liefde, en 'n koning – *Protea cynaroides*. Vir pyn en ellende is daar medisinale plante soos boegoe en kankerbos, 'n *oxalis* versameling wat skrik vir niks, asook sukkulente en die merkwaardige tweeblaarkanniedood (*welwitschia mirabilis*). En die bome, reusagtig soos die verse van digters: sequoia, bosvlir en olyf – laasgenoemde blykbaar gekweek deur steggies uit die tuin van Getsemane. Net daar gaan jou hart uit na geliefdes; gestorwes wat hierlangs was, jy weet, want hulle asem is in blare en in die vlerkies van insekte, hulle skitter snags as sterre oor die tuin val.

Met nog 'n draad weef ons in die rigting van Kayamandi: tot bo in Langstraat by die kostuine van Legacy Sentrum. Hier het ek die eerste keer met die tuinier Cobus Smit se bokashituine kennis gemaak; pampoene so groot soos koetse, gegroei uit oorskiet en nog wat, terwyl doer onder 'die hele wêreld gis, gebreekte dop en mos'.¹

Neem 2016 se herfs wat in koperblare afsak rondom die plantkokon in Johannesdal waar Bernard Mentoor se krisante vir dekades reeds medaljes verower by Pniël tuinbou-vereniging. Verruklik geblom in yswit, skelpienk of goud – vuurwerke wat wag vir die lug daar bo. Hy ken elkeen by naam, praat met hulle asof kinders. Simonsberg maak skemer, en ek trap tuingrond teen die pedaal terwyl die saggeaarde man en sy swart labrador in die truspieëltjie verdwyn.

Maar laat ons uitrafel na die jaar van bromelias, raakgeloop iewers in Devonvallei, waar straatname voëls is en 'n seisoenlose tuin jou laat dink het aan verhale uit Latyns-Amerikaanse lande, jy kon jou vlinders verbeel so groot soos hande, reënboogpapegaaie tussen boomvarings en Spaanse mos wat liggies roer – die grys baarde van wysgere in 'n wereld van betowering. Zootopia, ja.

En die buiteposte? Natte Valleij se vroegsomer val in my skoot in die jaar 1999. Toe het ek besef dat 'n tuin en al die mirakels daaraan verbonde, mens se siel altoos sal troos. Met 'n MamiyaRZ 67 en 'n driepoot die gewig van 'n kind, het ek van douvoordag tot lank na sononder die Milners se tuin deur die sluiters van toetspolaroids gesleep. Die middagtemperatuur was 27 grade Celsius, en effe koeler onder die pergolas waar groot roomspienkblomme van *Pandorea jasminoides* tussen die welwende lote van *Petrea volubilis* se violet-blou blomme rank. Die baldadigheid van daardie tuin het geblom in beddings van ridderspoor, dahlias, kombersblomme, pronk-ertjies, papawers en vingerhoedjies. Ou tuin en nuwe tuin simbioties aan weerskante van die vista na die oorspronklike opstal wat in 1770 deur Abraham de Villiers gebou is. Charlene Milner het tee uitbring en die tuinier Lenman Jongilanga het sy gunstelingboom aan my uitgewys asof dit die grootste geheim onder die son was: *gingko biloba*, in wese 'n lewende fossiel.

Maar van alle tuine in Stellenbosch is daar een in Paradyskloof wat seker tot in lengte van dae, elke seisoen in my hart sal draai. Piet, Griet en Catherina Grobler se tuin – soveel lentes gelede. Ek kyk na die foto wat geneem is teen die oggendson; Griet met haar lang bruin vlegsels teen 'n jurk van wit katoen en slapend op haar linkerskouer - die piepklein dogtertjie met handjies soos bloeisels. Langs hulle die kleurkryt van ranonkels onder 'n berkeboom.

1. (D. J. Opperman, *Grondstowwe by die siklus van seisoene*, p. 272, *Groot Verseboek 2000*, André P. Brink, Tafelberg)